# MANIFESTASIES VAN MARXISME IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWINGSVERBAND

Prof. J.S. Ooshuizen

Departement Sosiologie, Universiteit van Pretoria.

ABSTRACT

The question is often asked why Marxism is so credible still for people of the Third World. The author maintains that this is often so because Marx's description of the position of the worker in a capitalist society has consistently appealed to workers in developed industrial countries, and has helped them to define their position within society for themselves. He goes to explain how Marx's definition of the worker's position in nineteenth century England can be made applicable to the position of the worker in most Third World countries - and in particular also to the position of the Non-White worker in South Africa. He points out a few of the most striking similarities, and comes to the conclusion that there is no doubt that most Non-Whites in South Africa find a socialist/communist dispensation more appealing than a capitalist one. The only way that he can see to change the definition that the Non-White has of changing his definition of his sociopolitical situation is to change South African society. He then outlines certain changes which should enjoy a very high priority in South Africa.

## 1. INLEIDING

Die vraag word dikwels gestel waarom Marxisme in die twintigste eeu vir miljoene mense nog steeds so geloofwaardig is - veral in Derde Wèreldlande. Die meeste van Marx se teorieë is immers - en dit gee baie Marxiste selfs toe - deur die geskiedenis as verkeerd bewys. Enkele van die opvallendste mistastinge van Marx is die volgende (vgl. Timasheff & Theodorson, 1976:61):

- Die proletariese revolusie, wat volgens Marx (as gevolg van die kapitalisme se onvermoë om by die tegnologiese vooruitgang van die produksiekragte aan te pas) in die ontwikkelde nywerheidslande sou uitbreek, het nie plaasgevind nie. Die lande waar wel revolusies plaasgevind het (Rusland, China en verskillende Derde Wêreldlande), was nie ontwikkelde nywerheidslande nie maar oorwegend onontwikkelde landbougemeenskappe.

- Marx se verwagtings met betrekking tot die na-revolusionêre samelewing, naamlik dat dit 'n utopie sou wees waarin almal gelyk en gelukkig sou wees, het nòg in Rusland of China nòg enige Derde Wêreldland gerealiseer. Die staat het in die meeste van hierdie lande die rol van die vroeëre heersersklas oorgeneem en die bevolking aan staatsburokrasieë begin onderwerp (vgl. Hirszowicz, 1980).

- Die polarisasie wat volgens Marx tussen kapitaliste (werkgewers) en die proletariaat (werkers) sou plaasvind, het uitgebly. Werkgewers het nie al ryker en werkers al armer geword nie, maar die twee groepe het (onder andere as gevolg van die druk wat deur die opkomende vakbondwese op werkgewers uitgeoefen is) eerder nader na mekaar beweeg. Die werkgewers het relatief armer en magteloser geword, terwyl die werkers in die meeste lande aansienlik welvarender en magtiger geword het.

Om 'n antwoord op die vraag: "Waarom is die Marxisme vir so baie mense in die Derde Wêreld nog geloofwaardig?" te kry moet 'n mens kyk na die Derde Wêreldmens se "definisie van sy situasie" in die hedendaagse wêreld.

## 2. DIE DERDE WêRELDMENS SE "DEFINISIE VAN SY SITUASIE" IN DIE HEDENDAAGSE WêRELD

Die Amerikaanse sosioloog W.T. Thomas (Vgl. Thomas & Thomas, 1928:572) skryf in een van sy werke: "If men define situations as real they are real in their consequences". Wat hy hiermee

bedoel, is dat mense se eie voorstelling of interpretasie van hulle posisie in die samelewing - ongeag of dit "reg" of "verkeerd" is - uiteindelik hulle gedrag bepaal. Die trefkrag van Marx se teorieë in die eerste eeu na sy dood is grootliks toe te skryf aan die feit dat sy omskrywing van die werker se "posisie in die kapitalistiese samelewing" by die werkers in die ontwikkelde nywerheidslande ingang gevind en hulle gehelp het om hulle posisie in die samelewing vir hulleself te definieer (vgl. Banning, 1961:91-122). Marx se "definisie" van die werker se posisie in die negentiende-eeuse samelewing kan ook sonder veel moeite op die posisie van die werker in die meeste Derde Wêreldlande (in besonder ook die posisie van die Nie-Blankewerker in Suid-Afrika) van toepassing gemaak word. Ter illustrasie hiervan wys ons kortliks op enkele van die opvallendste ooreenkomste.

- Marx (1964:750) definieer klas in terme van die verhouding waarin mense tot eiendom staan. Die kapitaliste (werkgewers) beskik oor kapitaal en beheers om dié rede die produksiemiddele. Die proletariaat (werkers), daarenteen, besit geen kapitaal nie en het dus ook geen beheer oor die produksiemiddele nie; hulle kan alleen hulle arbeid verkoop, en die enigste manier waarop hulle druk op die werkgewers kan uitoefen, is om hulle arbied te weerhou. Die meeste Nie-Blankewerkers in Suid-Afrika definieer hulle posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing op 'n soortgelyke wyse: hulle sien hulleself as nie-besitters wat onderdruk word deur die besitters (Blankes) wat die kapitaal besit en daardeur die produksiemiddele beheer; hulle enigste wapen in die ongelyke stryd wat hulle stry, is om hulle arbeid te weerhou.

- Marx (1964) en Engels (1971) beklemtoon dat die kapitalistiese werkgewer sy werkers alleen beoordeel in terme van hulle vermoë om arbeid te verrig - hulle is vir hom, soos Marx se tydgenoot Dickens (1966) dit stel, bloot "hande". Groot getalle Nie-Blankes in Suid-Afrika voel ook dat Blankes slegs in hulle hande belangstel: wanneer hulle staak, word hulle summier afgedank; wanneer hulle weens siekte of ouderdom nie meer

kan werk nie, verloor hulle Blankewerkgewers alle belangstelling in hulle.

- Een van die wesenskenmerke van die kapitalisme is volgens Marx dat die kapitaliste "surpluswaarde" uit die arbeid van die proletariaat verkry (vgl. Aron, 1965:129; Van Aardt, 1984:51). Om wins te kan maak moet die kapitalis die werker minder betaal as wat sy arbeid werklik werd is. Die verskil tussen die werklike waarde van die arbeider se werk en die loon wat hy ontvang, is die wins wat die kapitalis in sy sak steek. Daar bestaan sterk aanduidings dat 'n groot deel van die Nie-Blanke- (veral Swart) werkers in Suid-Afrika ook meen dat hulle minder vergoeding ontvang as waarop hulle geregtig is. In 'n onlangse studie wat deur Unisa se skool vir Bedryfsleiding gedoen is, is bevind dat die meerderheid Swart werkers van mening is dat die Blankesakelui die winste van die organisasies wat hulle bestuur, in hulle sak steek (vgl. Hogg, 1984:1). Die feit dat Blankes in Suid-Afrika oor die algemeen veel hoër lone as Nie-Blankes ontvang, dien vir miljoene Nie-Blankes as 'n bewys dat hulle uitgebuit word.

- Marx voer verder aan dat die kapitalisme ook 'n "surplusbevolking" van werkers wat geen werk kan vind nie, laat ontstaan (vgl. Banning, 1961:98-101; Van Aardt, 1984:51). Die masjientegnologie, wat hand in hand gaan met die kapitalisme, maak baie werkers, veral jong werkers sonder opleiding en ervaring, oortollig. Hierdeur ontstaan daar 'n groot werklose en opstandige stedelike proletariaat. Die verskynsel waarop Marx hier wys, kom vandag in baie lande - en nie alleen Derde Wêreldlande nie - voor. Selfs in 'n hoog ontwikkelde land soos die VSA kamp baie werkers, veral Swart jeugdiges, met werkloosheid. Hierdie verskynsel dreig in die meeste Derde Wereldlande, waaronder ook Suid-Afrika, om krisisafmetings aan te neem. Hierdie surplusarbeidsmag stel werkgewers in staat om werkers na willekeur af te dank, omdat daar voor die hekke van byna elke aanleg talle werkers staan wat gereed is om die plekke in te neem van die wat ontslaan word.

- Marx gaan van die standpunt uit dat die kapitalistiese bestel alleen deur revolusie omvergewerp kan word. Die enigste wyse waarop die werkers hulle lot kan verbeter, is deur gewelddadige opstand. Die proletariaat het, soos hy dit in die Kommunistiese Manifes stel, niks meer as hulle kettings om te verloor nie. Hulle het egter 'n wêreld om te wen (Marx, 1964:560). Marx het revolusie nie net as 'n teoretiese moontlikheid beskou nie maar was daarvan oortuig dat dit nog in sy leeftyd sou plaasvind. Daar bestaan geen twyfel dat groot getalle Nie-Blankes in Suid-Afrika soortgelyke verwagtings koester nie. Baie van hulle beskou revolusie as die enigste metode waarmee 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika bewerkstellig kan word. En soos Marx verwag hulle ook dat die verwagte revolusie net om die draai is. Nie-Blankeleiers soos biskop D. Tutu en Dr. A Boesak suggereer tydens hulle openbare optredes gereeld dat 'n revolusie in Suid-Afrika onvermydelik is en nie meer ver weg kan wees nie.

- Marx se teorieë is gerugsteun deur die morele oortuiging dat kapitalisme "sleg" of "onregverdig" is. Kapitalisme berus in wese op die Darwinistiese beginsel van "oorlewing van die sterkste/bes aangepaste" en is as sodanig in stryd met die tradisionele sosialistiese waardes waarin die beginsel van mededeelsaamheid en naasteliefde sentraal staan. Die "humane" grondslae van sosialisme het Marx en sy volgelinge sterker aangespreek as die "onhumane" grondslae van die kapitalisme. Sake het in hierdie opsig ook in die twintigste eeu nog nie verander nie. Besorgdheid oor die medemens, veral die onderdrukte of minderbevoorregte medemens, het, nieteenstaande die godsdiensverval wat ons eeu kenmerk, nog steeds 'n sterk greep op die denke van mense. Daar bestaan om hierdie rede geen twyfel nie dat die meeste Nie-Blankes in Suid-Afrika 'n sosialistiese/kommunistiese bedeling eties aanvaarbaarder vind as 'n kapitalistiese.

## 3. RIGLYNE VIR 'N REALISTIESE BENADERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PROBLEMATIEK

Daar bestaan min twyfel dat 'n mens vandag ver sal moet soek om 'n paradigma te vind wat die sosiopolitieke omstandighede in Suid-Afrika in die oë van die meerderheid van sy bevolking beter weergee as die oorsponklike Marxistiese paradigma. (Die Neo-Marxistiese paradigma van die Frankfurtsosioloë is 'n éliteparadigma wat sekere probleme wat in ontwikkelde lande voorkom, weergee maar betreklik min ingang vind in Derde Wêreldgemeenskappe.) Dit is vandag in die belang van almal in Suid-Afrika dringend noodsaaklik dat die Blankes in hierdie land die Nie-Blankes se definisie van hulle situasie ernstig opneem. Enige soektog na oplossings vir Suid-Afrika se sosiopolitieke probleme moet hier begin. Die opvattings van Nie-Blankes waarna hierbo verwys is, is deel van die Suid-Afrikaanse sosiale werklikheid - of ons as Blankes daarvan hou of nie. Al wat ons onder hierdie omstandighede kan doen, is om die Nie-Blanke te help om tot 'n ander definisie van sy situasie te kom. Daar is verskillende maniere waarop ons kan poog om dit te doen. Één manier wat geen uitwerking sal hê nie, is om die Nie-Blanke te probeer oortuig dat die Marxistiese definisie van sy situasie verkeerd is. Pogings in dié rigting het alleen 'n neiging om mense se oortuigings verder te versterk. Marx het 'n juiste aanvoeling gehad van die rigting waarin die oplossing uiteindelik gesoek moet word toe hy opgemerk het dat die filosowe (lees nou: "sosiaalwetenskaplikes en politici") die wêreld alleen verskillend interpreteer maar dat 'n werklike oplossing vir die wêreld se probleme slegs gevind kan word indien ons die wêreld verander (Marx, 1964:341). Die enigste manier waarop die Nie-Blanke se definisie van sy sosiaal-politieke situasie in Suid-Afrika verander kan word, is om die Suid-Afrikaanse samelewing te verander.

In die lig van die opmerkings wat in die vorige paragraaf gemaak is, behoort die volgende veranderings in Suid-Afrika hoë voorrang te geniet:

- Die eerste uitdaging waarvoor ons staan, is om die growwe klasseverskille - in die besonder die gaping tussen die Blankemiddelklas en die Nie-Blankewerkersklas - uit die weg te ruim. Een van die belangrikste stappe in dié rigting is om

die Nie-Blanke te help om meer beheer oor die produksiemiddele en 'n groter aandeel in die besluitnemingsprosesse in ons land te verkry; anders gestel; om 'n stewige Nie-Blankemiddelklas te ontwikkel en op dié wyse die skrille klasseverskil tussen "ryk" Blankes en "arm" Nie-Blankes te verminder.

- Die Nie-Blanke sal ook in 'n baie groter mate as wat tot hiertoe die geval was, as "mens" en nie bloot as 'n paar "hande" nie gesien en behandel moet word. Dit is die enigste wyse waarop gesonder arbeidsverhoudinge opgebou kan word. Studies oor arbeidskonflik in Suid-Afrika toon onweerlegbaar aan dat 'n baie groot persentasie van stakings en ander vorme van arbeidskonflik hulle oorsprong het in die onmenswaardige behandeling van Nie-Blankewerkers deur hulle Blankewerkgewers/toesighouers.

- Die gaping wat daar tans nog tussen Blanke- en Nie-Blankelone/salarisse bestaan, sal so vinnig moontlik vernou en uiteindelik heeltemal uitgewis moet word (vgl. Orpen, 1976:24-35). Dit is die enigste wyse waarop die Nie-Blanke daarvan oortuig kan word dat hy nie uitgebuit word nie. Een van die vernaamste probleme in die verband is natuurlik om die Nie-Blankes tot dieselfde vlak van geskooldheid as die Blankes te bring sodat hulle in die arbeidsmark op gelyke voet met die Blankes kan kompeteer. Dit is in die lig hiervan duidelik dat die opleiding van Nie-Blankewerkers in die volgende paar dekades buitengewone hoë voorrang in Suid-Afrika sal moet geniet.

- Die groei van 'n "surplusbevolking" van werkers sal ten alle koste voorkom moet word. Hierdie probleem, wat sy oorsprong het in die bevolkingsontploffing onder die Nie-Blankes (veral Swartes) van Suid-Afrika en die snelle tegnologiese revolusie (meganisasie en outomatisasie) wat ons land beleef, sal met groot oordeelkundigheid aangepak moet word. Suid-Afrika is in hierdie opsig nie in 'n unieke posisie nie, omdat dit 'n probleem is wat algemeen in Derde Wêreldlande voorkom. Afgesien van die groot getalle werkers wat as gevolg van hulle

gebrekkige opleiding eenvoudig nie met die snelle tegnologiese ontwikkelings tred kan hou nie, is daar ook duisende jongmense wat wel goed opgelei is maar eenvoudig nie poste kan vind nie omdat die arbeidsmark versadig is. Hulle droom van 'n beter toekoms as die van hulle ouers, raak daardeur gefrustreer, en hulle verander dan in revolusionère wat hulle vir die omverwerping van die sisteem begin beywer. Die enigste wyse waarop die groei van so 'n "surplusbevolking" van werkers bekamp kan word, is om die enorme bevolkingsgroei onder die Nie-Blankes onder bedwang te bring en voorlopig op die ontwikkeling van arbeidsintensiewe bedrywe te konsentreer.

- Die gedagte dat revolusie 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme bied, moet met alle metodes tot ons beskikking beveg word. Die metode wat op die lang duur die meeste vrugte sal afwerp, is om alles wat moontlik is te doen om die Nie-Blanke in Suid-Afrika, soos Marx dit gestel het, meer te gee om in 'n revolusie te verloor as net sy "kettings". Hierdie "meer" sou onder andere die volgende insluit: bewegingsvryheid in sy eie land, voldoende werksgeleenthede, menswaardige lone/salarisse en betekenisvolle deelname aan besluitneming in die bedryfslewe sowel as in landsake in die algemeen. Dit is die enigste wyse waarop die hunkering na revolusie, wat so sterk by miljoene Nie-Blankes leef, beveg kan word.

- Die morele oortuigingskrag van die Marxisme (of sosialisme) mag nooit onderskat word nie. Veel meer moet gevolglik gedoen word om aan te toon dat kapitalisme nie noodwendig "oneties" is nie. Tirades teen die ateïsme van die Marxisme maak nie veel indruk op mense wat geen vertroue in die kapitalisme het nie. Max Weber (1968:244-245) onderskei in sy werk tussen "oortuigingsetiek" ("Gesinnungsethik") en "verantwoordelikheidsetiek ("Verantwortungsethik"). Oortuigingsetiek beroep hom op onwrikbare etiese beginsels en is daarom geneig om utopies en onrealisties te wees. Die Marxistiese strewe om 'n samelewing tot stand te bring waarin almal gelyk is en in 'n gelyke mate in die nasionale welvaart deel, is op oortuigingsetiek gebaseer.

Verantwoordelikheidsetiek, daarenteen, is gebaseer op die gedagte dat 'n mens altyd verantwoordelikheid vir sy dade moet aanvaar; dit het gevolglik 'n minder utopiese en meer realistiese karakter. Die Protestantisme, wat volgens Weber (1958) die dryfkrag agter die kapitalisme was, wortel in 'n verantwoordelikheidsetiek, omdat dit besondere klem lê op die individu se verantwoordelikheid om sy Godgegewe talente tot die uiterste te ontwikkel. Die kapitalisme het bewys dat dit mense tot optimale prestasie aanspoor, wat nie van die Marxisme gesê kan word nie. Die vernaamste verskil tussen die Marxisme en die kapitalisme is dat eersgenoemde die nasionale welvaart gelyk onder almal wil verdeel, terwyl laasgenoemde die nasionale welvaart vergroot en elkeen dan ooreenkomstig sy bydrae daarin laat deel. Die keuse waarvoor ons in Suid-Afrika staan, is tussen 'n Marxistiese samelewing waarin sommige welvarender as ander is. Suid-Afrika sal nooit sy sosiaal-politieke probleme te bowe kom indien sy mense - Blank sowel as Nie-Blank - nie instem dat die tweede alternatief eties aanvaarbaarder as die eerste is nie.

VERWYSINGS

ARON, R. 1965. Main currents in sociological thought. Volume 1. Harmondsworth : Penguin.

BANNING, W. 1961. Karl Marx: Leve, leer en betekenis. Utrecht : Aula.

DICKENS, C. 1966. Hard times. New York: Norton.

ENGELS F. 1971. The condition of the working class in England. Oxford : Blackwell.

HIRSZOWICZ, M. 1980. The bureaucratic Leviathan: A study in the sociology of communism. Oxford : Robertson.

HOGG, A. 1984. Black mistrust jolts business. Business Times. Sunday Times. July 8.

MARX, K. 1964. Die Früschriften. Herausgegeben von S. Landshut. Stuttgart : Kröner.

MARX, K. 1964. Werke VI: Okonomische Schriften 3. Darmstadt : Wissenschafliche Buchgesellschaft.

ORPEN, C. 1976. Productivity and Black workers in South Africa. Cape Town : Juta.

TIMASHEFF, N.S. & THEODORSON, G.A. 1976. Sociological theory: Its nature and growth. Fourth edition. New York : Random House.

THOMAS, W.I. & THOMAS, D.S. 1928. The child in America. New York : Knopf.

VAN AARDT, C.J. 1984. Die verband tussen tegnologie en vervreemding in die Historiese Materialisme en die Kritiese Teorie. (M A-verhandeling - Universiteit van Pretoria.)

WEBER, M. 1958. The Protestant ethic and the spirit of Capitalism. New York : Scribner.

WEBER, M. 1968. Methodologische Schriften: Studienausgabe. Mit einer Einführung besorgt von J. Winckelmann. Frankfurt am Main : Fischer.